GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2013

# MEMORANDUM

| | |
|---|---|
| WEEK: | 1 |
| SESSIE: | 3 |
| DATUM: | 27 Augustus 2013 AM |
| VAK: | REKENINGKUNDE (10710) |

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

REKENINGKUNDE

MEMORANDUM

---

**NASIENBEGINSELS:**

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbel penalisering toegepas nie.

2. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.

3. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).

4. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.

5. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.

6. Hierdie memo is nie vir publieke verspreiding nie omdat sekere items as foutief mag voorkom. Die aanpassings is gemaak as gevolg van nuanses in sekere vrae.

7. Waar strafpunte toegeken word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.

8. Waar metodepunte toegeken word vir bewerkings moet merker die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.

9. Waar metodepunte toegeken word, maar seker dat kandidate nie volpunte toegeken word vir enige items wat gedeeltelik foutief is nie.

10. Kodes: f = vreemde items; p = plasing/aanbieding.

VRAAG 1

| 1.1.1 | **Bankversoeningstaat op 30 Junie 2013** | | |
|---|---|---|---|
| | Dt saldo van Bankstaat | ✓31 410 | |
| | Dt uitstaande tjeks:<br>• Nommer 3122 gedateer 17 Junie 2013 | ✓5 250 | |
| | • Nommer 3139 gedateer 25 Augustus 2013 | ✓3 786 | |
| | • Nommer 3153 gedateer 17 Junie 2013 | ✓2 050 | |
| | Kt fout van bank – Alpha Versekeraars | | ✓1 080 |
| | Dt foutiewe deposito | ✓10 000 | |
| | Kredietsaldo van Bankrekening | | ☑51 416 |
| | | **52 496** | **52 496** |

| |
|---|
| **7** |

| 1.1.2 | **Bereken die bedrag van die Bankrekening soos wat dit in die finansiële state sal verskyn op 30 Junie 2013. Dui aan of die saldo gunstig of ongunstig is.** |
|---|---|
| • | **Bank**<br>Sien1.1 kontroleer bewerking<br>(R 51 416☑) + R3 786✓ = (R47 630☑)<br><br>**OF**<br><br>R51 416 ☑ – R3 786 ✓ = R47 630 ongunstig ☑ |

| |
|---|
| **3** |

| | | |
|---|---|---|
| 1.1.3 | **Daar word, bo enige twyfel, vasgestel dat die uitstaande deposito van R16 700, in die rekening van die kontantkontroleur, 'n werknemer van die onderneming, gedeponeer is. 'n Ondersoek het aan die lig gebring dat sy haar persoonlike oortrokke bankrekening afbetaal het en dat haar rekening nou gesluit is.** | |
| • | **Toon die korrekte dubbelinskrywing wat in hierdie geval, gedoen moet word.** | |
| | Dt Debiteure ✓✓/Lening aan werknemer/Afwagrekening/Verlies weens diefstal | |
| | Kt Bank✓✓ | |
| | | 4 |
| • | **Verduidelik kortliks TWEE moontlike wyses waarop die geld weer van die werknemer verhaal kan word.** | |
| | Enige TWEE aanvaarbare antwoorde ✓✓ ✓✓ | |
| | Laat haar toe om 'n erkenning van skuld te teken en trek 'n bedrag waarop ooreengekom is elke maand van haar salaris af totdat die volle bedrag weer ingevorder is. | |
| | Verhaal die geld deur haar te vra om haar pensioen te laat uitbetaal. | |
| | Laat haar toe om die geld terug te betaal aangesien sy 'n oortrokke bankfasiliteit het. | |
| | | |
| | | 4 |
| • | **Noem DRIE kontrolemaatreëls wat ingestel kan word om 'n herhaling van hierdie gebeurtenis te voorkom.** | |
| | Enige DRIE aanvaarbare antwoorde ✓✓ ✓✓ ✓✓ | |
| | Daaglikse versoening van kontant ontvang met die kasregisterstrokies, kwitansies uitgereik en die kleinkas. | |
| | Kontroleer daagliks die ontvangs en deponering van kontant. | |
| | Wys 'n senior werknemer aan om die daaglikse deposito's na te gaan en dit te bevestig. | |
| | Reël dat die bank daagliks SMS'e stuur om deposito's wat gemaak word, te bevestig. | 6 |

| |
|---|
| |
| **24** |

| 1.2.1 | **Korting van R720 is gedurende Mei 2013 van die krediteure ontvang. Bereken hoeveel geld gedurende Mei 2013 aan krediteure betaal is.** | |
|---|---|---|
| | 37 575 – 720<br><br>= R36 855✓✓ | |
| | | |
| | | 2 |

| 1.2.2 | **'n Krediteur met 'n debietsaldo is oorgeplaas na die debiteure-grootboek. By watter bedrag sal hierdie geld ingesluit wees?** | |
|---|---|---|
| | R1 860✓✓ | |
| | | |
| | | 2 |

| 1.2.3 | **Bereken die korrekte bedrag wat aan Vitton Handelaars verskuldig is.** | |
|---|---|---|
| | 12 130✓ - 250✓ + 650✓ - 8 000✓ - 400✓<br><br>= R4 130☑ – enige EEN aspek korrek. | |
| | | |
| | | 6 |

| 1.2.4 | **Verduidelik kortliks DRIE maatreëls wat jy sal instel om die interne kontrole oor voorraad te verbeter.** | |
|---|---|---|
| | DRIE geldige kontrolemaatreëls ✓✓ ✓✓ ✓✓<br>• Alle voorraad ontvang moet op 'n aparte plek gestoor word.<br>• Kontroleer voorraad wat afgelewer word teen die afleweringsnota en die faktuur.<br>• Wissel die klerke wat voorraad ontvang, af.<br>• Doen onverwagse steekproewe van voorraad tydens aflewering.<br>• Verdeling van pligte, persoon wat bestellings doen en persoon wat aflewerings ontvang. | |
| | | |
| | | 6 |

| 1.1 | 1.2 | Totaal |
|---|---|---|
| | | |
| 24 | 16 | 40 |

VRAAG 2

**Vervaardiging**

2.1 **Produksiekostestaat en Periodieke Voorraadstelsel**

| **2.1.1 Direkte grondstofkoste** | |
|---|---|
| Aanvangsvoorraad | ✓720 000 |
| Aankope(970 000✓+ 978 000✓-50 000✓) | ☑1 898 000 |
| Vraggeld op aankope | ✓29 500 |
| | 2 647 500 |
| Slotvoorraad | ✓ (1 647 500) |
| | ☑1 000 000 |
| ☑ bewerking as een deel korrek is | |
| | |
| | **8** |

| **2.1.1 Fabrieksbokoste** | |
|---|---|
| Indirekte materiaal van fabriek<br>(152 000✓+78 000✓- 24 000✓- 64 000✓)<br>☑ bewerking as een deel korrek is | ☑142 000 |
| Fabrieksvoorman | ✓151 500 |
| Onderhoud van fabriek(23 000+14 500) | ✓✓37 500 |
| Water en elektrisiteit | ✓✓56 000 |
| Indirekte arbeid | ✓204 840 |
| Fabriekshuur(169 000-13 000 x 57%) | ✓✓88 920 |
| Waardevermindering | ✓89 000 |
| ☑ indien een deel korrek is | ☑769 760 |
| | |
| | **15** |

| 2.1.2 | **Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 31 Julie 2013** | |
|---|---|---|
| Primêre/Direkte koste | | ☑1 763 560 |
| Direkte grondstofkoste ✓ | | ☑1 000 000 **Sien DMK** |
| Direkte arbeidskoste ✓ | | ✓ 763 560 |
| Fabrieksbokoste ✓ | | **☑769 760 Sien FBK** |
| Totale produksiekoste | | ☑2 533 320 |
| Goedere-in-bewerking aan begin van jaar | | ✓89 400 |
| | | 2 622 720 |
| Goedere-in-bewerking aan einde van jaar (kontroleer bewerking) | | ✓☑(803 200) |
| Koste van produksie van klaargoedere | | ✓1 819 520 |
| | | |
| | | **12** |

| |
|---|
| |
| **35** |

| 2.2.1 | • Bereken die **Veranderlike koste per eenheid** vir 2013 | [4] |
|---|---|---|

Primêre koste + verkoops- en verspreidingskoste
= R170✓ + R30✓✓ (337 800 ÷ 11 260)

=R200 ☑

| • Bereken die **Gelykbreekpunt** vir 2013 | [5] |
|---|---|

Vaste koste/bydrae per eenheid
(1 420 000)
1 080 000✓ + 340 000✓
400✓ - 200✓
(200)

= 7 100 ☑ bewerking as een deel korrek is.

| |
|---|
| 9 |

| 2.2.2 | **Seat Vervaardigers produseer slegs een tipe stoel en verskaf dit aan slegs een kliënt teen 'n vaste prys. Hierdie situasie kan lei tot verkoopsprobleme in die toekoms. Verskaf gepaste advies aan die eienaar om sy strategie ten opsigte van produksie, bemarking en prysvasstelling in die toekoms, te verbeter.** |
|---|---|

| **Probleem** | **Advies** |
|---|---|
| **Produksie**<br><br>**Enige aanvaarbare antwoord** ✓✓ | Probeer om verskillende tipes stoele, of ander items, ook te vervaardig. Dit mag verkope aan bestaande kliënte verhoog en mag ook ander kliënte lok. |
| **Bemarking**<br><br>**Enige geldige antwoord** ✓✓ | Loots 'n bemarkings-/advertensieveldtog om produkte bekend te stel ten einde meer kliënte te lok. |
| **Prysvasstelling**<br><br>**Enige geldige antwoord** ✓✓ | Dit is belangrik om verkooppryse ten minste een maal per jaar te hersien as gevolg van styging in aankooppryse en inflasie. Indien dit nie gedoen word nie; sal winste afneem en kan dit lei tot toekomstige verliese. |

| |
|---|
| 6 |

| |
|---|
| 15 |

| 2.1 | 2.2 | Totaal |
|---|---|---|
| | | |
| 35 | 15 | 50 |

VRAAG 3

| 3.1 | Pas-items |
|---|---|
| 3.1.1 | E ✓ |
| 3.1.2 | B✓ |
| 3.1.3 | F✓ |
| 3.1.4 | A✓ |
| 3.1.5 | D✓ |

| |
|---|
| 05 |

| 3.2 | **• Gee 'n mening oor die prestasie van elke sektor.**<br><br>**• Verskaf DRIE redes vir die swak vertonings in die sektor wat jy as onderpresterend geïdentifiseer het.**<br><br>**• Verwys na King-kode 3 (korporatiewe bestuur) en beveel verbeterings vir die spesifieke sektor aan.** | (2)<br><br>(3)<br><br>(5) |
|---|---|---|
| | **Mening oor optrede van sektore**<br><br>• Privaat sektor word goed bestuur✓ terwyl daar tekortkominge in die bestuur van die openbare sektor is<br><br>**Redes vir onderprestering** ✓✓✓<br><br>• Openbare sektor onderpresteer as gevolg van onbevoegde werknemers.<br>• Aanstellings word deur nepotisme beïnvloed.<br>• Werknemers word nie behoorlik opgelei nie.<br>• Voortdurende ondersteuning van die regering lei tot ongeërgdheid.<br><br>**Aanbevelings ter verbetering**<br><br>• Verskerp dissipline✓ onder amptenare.<br>• Wees regverdig✓ wanneer aanstellings gemaak word – bevoegdheid moet in ag geneem word.<br>• Amptenare moet verantwoordelike✓ bestuurspraktyke toepas<br>• Aanspreeklikheid✓ teenoor alle belanghebbendes.<br>• Die onderneming moet homself kom finansier/onderhou✓ | |
| | | |
| | | |
| | 10 | |

3.3.1 **Inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2013**

| | |
|---|---|
| **Verkope** (3 430 000✓- 9 520✓ | ✓3 420 480 |
| **Koste van verkope** (1 750 000✓- 2 700✓ ) | ✓(1 747 300) |
| **Bruto wins** kontroleer bewerking | ☑1 673 180 |
| **Ander bedryfsinkomste** | ☑188 204 |
| Diensgeldinkomste | ✓98 985 |
| Huurinkomste (74 000 ✓+5 920✓✓✓) [80/1000 x 74000] ☑ bewerking as een deel korrek is | ☑79 920 |
| Wins met bateverkope | ✓✓4 999 |
| Handelsvoorraadsurplus | ✓✓4 300 |
| **Bruto bedryfsinkomste** | 1 861 384 |
| **Bedryfsuitgawes** kontroleer bewerking | ☑(726 475) |
| Salarisse en lone (189000✓+15000✓+2000✓+150✓+750✓+150✓) | ☑207 050 |
| Korting toegestaan | ✓1 506 |
| Versekering (15 000✓ - 900✓) | ☑14 100 |
| Diverse uitgawes | ✓79 109 |
| Direkteursvergoeding | ✓258 000 |
| Ouditfooie | ✓✓57 231 |
| Verpakkingsmateriaal (35 000- 8 500) | ✓✓26 500 |
| Voorsiening vir oninbare skuld aangesuiwer | ✓✓390 |
| Waardevermindering (11 000+69 699) | ✓✓80 699 |
| Oninbare skuld | ✓✓1 890 |
| **Bedryfswins** | ☑1 134 909 |
| Rente inkomste | ✓7 900 |
| **Wins voor rente-uitgawe/finansieringskoste** | 1 142 809 |
| Rente-uitgawe (150 000✓ – 78 000✓ – 90 000✓) | ☑(18 000) |
| **Wins voor belasting** | 1 124 809 |
| **Inkomstebelasting** | ✓(311 322) |
| **Netto wins na belasting** | ☑813 487 |

| |
|---|
| |
| **50** |

| 3.2.2 Behoue inkomste | |
|---|---|
| **Behoue inkomste aan begin van jaar** | ✓170 000 |
| Netto wins na belasting Sien 3.2.1 | ☑813 487 |
| Gewone aandeledividende | (396 000) |
| Betaal | ✓55 000 |
| Aanbeveel | ✓341 000 |
| **Behoue inkomste aan einde van jaar**<br>bewerking as een deel korrek is | ☑587 487 |
| | |
| | **5** |

| 3.1 | 3.2 | 3.3.1 | 3.3.2 | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| 5 | 10 | 50 | 5 | 70 |

VRAAG 4

**Voorraadwaardasie**

| | |
|---|---|
| **4.1** | **Wat is die belangrikste verskil tussen die deurlopende voorraadstelsel en die periodieke voorraadstelsel?** |
| | **Deurlopend**<br><br>Koste van verkope word in die grootboekrekening aangeteken na elke verkoopstransaksie ✓ |
| | **Periodiek**<br><br>Koste van verkope word bepaal deur 'n fisiese voorraadopname te doen. ✓ |

| |
|---|
| |
| **2** |

| | |
|---|---|
| **4.2** | **Bereken die ontbrekende getalle vir die letter A–E.** |
| A | 50 x R3 136 = R156 800✓✓ |
| B | (280 x R3 400) + R13 000 = R965 000✓✓ |
| C | (Sien B)<br>(R1 125 000 + R883 200)✓ + R965 000☑<br>= R2 973 200☑ bewerking indien een deel korrek. |
| D | (sien A) (sien C)<br>(R156 800☑ + R2 973 200☑ - R34 000✓/ (870 – 10)☑<br>= R3 096 000/860<br>= R3 600☑ bewerking indien een deel korrek |
| E | (sien D)<br>[320✓x R3 600]☑<br>= R1 152 000☑ bewerking indien een deel korrek |

| |
|---|
| |
| **15** |

| 4.3 | **Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013.** |
|---|---|

(sien A) R2 926 200✓✓ . (sien 4.1 E)
R156 800 ☑ + (R2 960 200 – R34 000+ R13 000 ✓ - R1 152 000✓

= R1 944 000 ✓ bewerking indien een deel korrek

| |
|---|
| |
| 6 |

| 4.4 | **Bereken die waarde van die slotvoorraad op 28 Februarie 2013 gebaseer op die EIEU-metode.** |
|---|---|

Slotvoorraad = 320

| | | | |
|---|---|---|---|
| Waarde : | (270 x 3 400) | 918 000 | ✓ |
| | | 13 000 | ✓ |
| | (50 x 3 680) | 184 000 | ✓ |
| | | 1 115 000 | ☑ bewerking indien een deel korrek |

| |
|---|
| |
| 4 |

| 4.5 | **Kenny May is bekommerd oor die beheer oor voorraad in die besigheid. Het hy rede om so voel? Verduidelik deur syfers aan te haal.** |
|---|---|

Ja, daar is 'n probleem.✓

Het 860 kameras gekoop, 520 is verkoop, daar behoort 340✓kameras in voorraad te wees. Slotvoorraad is egter net 320. ✓
Daar is dus 20 kameras gesteel/vermis. ✓

OF

Jongste vervangingswaarde van gesteelde kameras:
Ja.✓
20✓ x 3 680✓ = R73 600☑

| |
|---|
| |
| 4 |

| 4.6 | **Noem TWEE maatreëls wat Kenny May kan instel om kontrole van en beheer oor sy voorraad te verbeter.** |
|---|---|

- Installeer sekuriteitskameras om winkeldiefstal te voorkom.
- Installeer elektroniese alarmstelsel by al die ingange.
- Vergelyk afgelewerde voorraad met afleweringsnota.
- Vergelyk afleweringsnota met faktuur en bestelvorm.

Enige TWEE aanvaarbare antwoorde. ✓✓ ✓✓

| |
|---|
| 4 |

| |
|---|
| 35 |

VRAAG 5

5.1 Kontantvloeistaat

| 5.1.1 | **Versoening tussen wins voor belasting en kontant deur bedryfsaktiwiteite voortgebring** | |
|---|---|---|
| | Netto wins voor belasting (392 000 + 168 000) OF (392 000 x 100/70) | ✓✓560 000 |
| | Waardevermindering ✓ | ✓84 000 |
| | Rente op lening ✓ | ✓12 700 |
| | **Bedryfswins voor verandering in bedryfskapitaal** | **656 700** |
| | **Netto verandering in bedryfskapitaal** | ☑ **(54 360)** |
| | Toename in voorraad (110 000 ✓ – 85 000 ✓) | ☑ (25 000) |
| | Toename in debiteure (77 600 ✓ – 35 000 ✓) | ☑ (42 600) |
| | Toename in krediteure (83 440 ✓ – 70 200 ✓) | ☑13 240 |
| | **Kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite** | ☑602 600 |
| | | |
| | | 17 |

| 5.1.2 | **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | ✓ **(274 000)** |
|---|---|---|
| Vaste bates aangekoop<br>(2 530 000 ✓ - 84 000 ✓ – 26 000 ✓) – 2 720 000 ✓ =<br>**OF**<br>2 720 000 ✓ – 2 530 000 ✓ + 84 000 ✓ + 26 000 ✓ | | ✓☑**(300 000)** |
| **Opbrengs uit die verkoop van vaste bate** | | ✓**26 000** |
| | | |
| | | **8** |

| 5.1.3 | • **Bereken Inkomstebelasting betaal vir jaar geëindig 28 Februarie 2013.** |
|---|---|

✓✓ ✓ ✓ ☑
168 000 – 3 700 - 12 300 = 152 000 bewerking indien een deel korrek
(392 000 x 30/70)

**SAID - Inkomstebelasting**

| | |
|---|---|
| ✓ 3 700<br>☑ 152 000<br>✓ 12 300 | ✓✓ 168 000 |

| |
|---|
| 5 |

• **Bereken dividende betaal vir jaar geëindig 28 Februarie 2013.**

✓ ✓ ✓ ✓ ☑
74 000 + (49 000 + 80 000) - 80 000 = 123 000
(129 000)

**Gewone aandeledividende**

| | |
|---|---|
| ✓ 49 000 | |

**Aandeelhouers vir Dividende**

| | |
|---|---|
| ☑ 123 000<br>✓ 80 000 | ✓ 74 000<br>✓ 129 000 |

| |
|---|
| 5 |

**5.2 Ontleding en Vertolking**

| 5.2.1 | **Neville Henderson, 'n aandeelhouer van Shisheko Bpk het 8 000 aandele in Shisheko Bpk. 5 500 is op 1 Maart 2010 gekoop en die res is op 1 Oktober 2012 gekoop. Hoeveel dividende is aan hom uitbetaal gedurende die tydperk 1 Maart 2012 tot 28 Februarie 2013?** |
|---|---|

Tussentydse dividend per aandeel:

$\frac{49\ 000✓}{140\ 000✓}$ x 100 = 35c per aandeel ☑

Totale dividend betaal
(5 500✓ x 0.35) + (2 500✓ x 0,40) = R2 925☑✓
R1 925 + R1 000

| |
|---|
| 7 |

| 5.2.2 | **Bereken die gemiddelde opbrengs op totale kapitaal aangewend op 28 Februarie 2013. (Verwys na inligtingspunte 3 en 4.)** |
|---|---|

$$\frac{560\,000 \checkmark + 12\,700\checkmark}{\checkmark \tfrac{1}{2}(1\,306\,000\checkmark + 164\,000\checkmark + 1\,040\,000\checkmark + 180\,000\checkmark)} \times 100$$

$$= \frac{572\,700}{1\,345\,000} \times 100$$

= 42,6 % ☑

| |
|---|
| 8 |

| 5.2.3 | **Shisheko Bpk het aansoek gedoen vir 'n addisionele lening van R1 500 000 teen 'n rentekoers van 12 % p.j. om die uitbreiding van die bestaande geboue te finansier. Is dit wenslik om die uitbreidings met 'n addisionele lening te finansier? Staaf jou antwoord deur TWEE finansiële aanwysers aan te haal.** |
|---|---|

Ja ✓

* Min geleende kapitaal in vergelyking met aandeelhouersbelang – laaggerat (skuld/eienaarsbelang is 0,13 : 1) ✓✓
* Leen geld teen 12 % rente, opbrengs op totale kapitaal aangewend is 42,6 % ✓✓ (sien 5.2.3)

| |
|---|
| 5 |

| 5.2.4 | **Bereken die netto batewaarde per aandeel vir 2013. Lewer kommentaar op jou antwoord deur EEN finansiële aanwyser aan te haal.** |
|---|---|

$$\frac{1\,306\,000\checkmark}{200\,000\checkmark} \times 100$$

= 653 c per aandeel☑ (R6,53)

Die waarde van 'n aandeel is R6,53 maar dit verkoop teen R8,00 per aandeel op die JEB.✓✓

| |
|---|
| 5 |

| 5.2.5 | **Die bank het die finansiële bestuurder van Shisheko Bpk ingelig dat hulle slegs R500 000 as lening kan toestaan vir die uitbreiding van die bestaande geboue. Die bestuur van die maatskappy het besluit om addisionele aandele uit te reik om te help met die finansiering van die beplande uitbreidings.** |
|---|---|

- **Hoeveel aandele mag hulle uitreik?**

Gemagtigde aandele = 340 000
Uitgereikte aandele = 200 000
Hulle kan net 340 000 – 200 000 = 140 000 aandele verkoop ✓

- **Teen watter prys moet hulle die nuwe aandele uitreik ten einde die R1 000 000 te bekom? Toon berekeninge en motiveer jou antwoord.**

R1 000 000 word benodig.

R1 000 000/140 000 = R7,14✓✓

Dit is 'n aanvaarbare prys, want die netto batewaarde per aandeel is R6,53✓ en die markwaarde van 'n aandeel is R8✓.

| |
|---|
| |
| **5** |

| 5.2.6 | **Die onderneming het 'n winsopslag van 50% op kosprys. Gee TWEE redes vir die verskil in winsopslag in 2013. (Verwys na inligtingspunt 3.)** |
|---|---|

- TWEE aanvaarbare antwoorde ✓✓ ✓✓
- Teveel handelskorting is gegee/teveel produkte is teen 'n laer prys verkoop.
- Die interne kontrole oor voorraad is nie goed nie – dit kan tot diefstal lei.
- Verliese het voorgekom as gevolg van veroudering van voorraad, breekskade, ens.
- Foute was gemaak met die berekening van die verkoopprys.
- Enige ander korrekte antwoord.

| |
|---|
| |
| **4** |

| 5.2.7 | **Verduidelik wat die uitwerking van die debiteure-invorderingstermyn en die krediteure-betalingstermyn op die likiditeit van die onderneming sal wees. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf.** |
|---|---|

- Debiteure-invorderingstermyn het toegeneem✓ van 35 dae →45 dae✓
- Krediteure-betalingstermyn het afgeneem✓ van 50 dae →40 dae✓

Die onderneming finansier debiteure ✓ en dit kan lei tot 'n kontantvloeiprobleem.✓
(moet krediteure betaal voor debiteure se geld ingevorder is)

| |
|---|
| 6 |

| |
|---|
| 75 |

VRAAG 6

6.1

| 6.1.1 | **Noem TWEE items wat in die Geprojekteerde Inkomstestaat sal verskyn, maar wat nie in 'n Kontantbegroting sal verskyn nie.** | |
|---|---|---|
| | Enige TWEE aanvaarbare antwoorde<br>• Waardevermindering<br>• Korting toegestaan<br>• Korting ontvang<br>• Oninbare skuld<br>• Enige ander aanvaarbare antwoord (een punt elk) | **2** |

| 6.1.2 | **Voltooi die Debiteure-invorderingskedule en die Kontantbegroting deur die bedrae te bereken van die letters A–F.** | |
|---|---|---|
| A | 24 000 x 15 % = 3 600 ✓✓ | 2 |
| B | 28 000 x 30 % = 8 400 ✓✓ | 2 |
| C | (25 000 x 50 %) ✓ x 95% ✓ = 11 875 ✓<br>of - 5% | 3 |
| D | 207 750 - 232 455 = (24 705) ✓✓ | 2 |
| E | 103 838 ✓ | 1 |
| F | (24 705) + 103 838 = 79 133 ✓✓ | 2 |
| | | **12** |

| 6.1.3 | **Gee TWEE redes waarom werknemers ongelukkig is oor hulle salarisverhoging. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf.** | |
|---|---|---|
| | • Die onttrekkings van die eienaar het toegeneem van R12 000 tot R18 000 per maand – dit is 50 %.<br>• Die styging in salarisse sal vergelyk word met die inflasiekoers – 3 % in vergelyking met 5 of 6 %. | 4 |

| 6.1.4 | **Die bestuurder versoek dat 'n addisionele sekretaresse aangestel word. Verduidelik aan hom waarom dit nie 'n goeie idee is nie deur syfers uit die kontantbegroting aan te haal.** | |
|---|---|---|
| | • Die betalings in Januarie en Maart was meer as die ontvangste. (betalings in Maart was R232 455 en die ontvangste was slegs R 207 750)✓<br>• Gedurende Februarie het die eienaar ekstra kapitaal bygedra en gedurende Maart is 'n addisionele lening van R70 000 aangegaan.✓<br>(slegs een rede) | 2 |

| |
|---|
| 20 |

6.2

| 6.2.1 | Bereken die BTW betaalbaar aan SAID vir Junie 2013. |
|---|---|
| | 110 040 ✓ + 3 360 ✓ – 58 800 ✓ – 22 400 ✓<br>= 32 200 ☑✓<br><br>**OF**<br><br>55 440 ✓✓<br>110 040 ✓ – (R58 800 – 3 360) – 22 400 ✓<br>= 32 200 ☑✓<br>☑ indien een deel korrek is |
| | |

| |
|---|
| |
| **6** |

| 6.2.2 | **SAID stel ondersoek in na Sandile, die eienaar, se vorige BTW-opgawe. SAID het hom in kennis gestel dat deposito's ten bedrae van R1 000 000, wat op die bankstaat verskyn, nie as verkope verklaar is nie. Gee TWEE voorbeelde van ontvangstes wat nie-belasbaar is nie.** |
|---|---|
| | Die deposito's was vir:<br><br>Enige TWEE aanvaarbare antwoorde ✓✓ ✓✓<br><br>– Ou voertuie en toerusting wat verkoop is.<br>– Eiendom (geboue) wat verkoop is.<br>– Huurinkomste was ontvang.<br>– 'n Lening is ontvang.<br>– 'n Vaste deposito het verval. |

| |
|---|
| |
| **4** |

| 6.1 | 6.2 | Totaal |
|---|---|---|
| | | |
| **20** | **10** | **30** |

**TOTAAL: 300**